

## Rietfluit familiebrief

Oktober 2007



# 2007 is die jaar van praktiese Christenskap

As jy nie weet waarheen jy onderweg is nie, gaan jy presies daar aanland. Klink dit vreemd? Meer korrek gesê, dan verdwaal jy eintlik elke dag van jou lewe sonder dat jy dit ooit agterkom.

Wat 'n tragedie! Jy het 'n bestemming én 'n goeie reisplan nodig. Dit gee koers aan jou enigste, kosbare lewe. Nou ja, sê my, wat laat jou elke oggend met hoop en opgewondenheid in jou hart opstaan? Ek weet *Wie* my laat opstaan. Sy Naam is Jesus. Hy bepaal my reiskoördinate elke dag. Hy laat my soms in storms saam met Hom loop. Ander kere loop Hy weer op groen weivelde voor my uit. Jesus plaas daagliks genoeg kos in my hand sodat ek nog ruim brood en water oor het om met ander reisigers langs my lewenspad te deel.

Jesus is my Lewensdoel, my permanente Reisgenoot. Hy is my Padkaart - ja, Hy is die Pad self!

### Oktober in die geskiedenis

**26 Oktober 1950:** Moeder Teresa stig die eerste *Mission of Charity* in Calcutta.

**27 Oktober 1978:** Die volledige *New International Version* (NIV) van die Bybel word gepubliseer.

### Moenie dat dit jou byt nie

Bitterheid byt jou twee keer - nee, eintlik drie, vier, vyf maal - Dit gebeur die eerste slag as iemand jou skade aandoen; die tweede keer as jy dit onthou; die derde keer as jy met woede daaraan terugdink, en die vyfde en twintigste keer as jy dit nogmaals in jou kop herhaal. Of dit dalk vir die dertigste keer oorvertel. Bitterheid maak jou 'n slaaf van jou eie gevoelens en van diegene wat jou benadeel het. Jy verander in hulle slagoffer. Dalk het hulle al lankal vergeet van die seer wat hulle jou veroorsaak het. Of moontlik skeel dit hulle min. Maar jyself loop dalk vir jare met 'n stuk donkerte in jou hart wat net nooit wil weggaan nie. Dit alles omdat jy oor en oor dieselfde bitter gevoelens deur jou kop hersirkuleer. En omdat jy disfunksioneel afhanklik geraak het van daardie mense wat jy skade berokken het.


Hoe breek mens sulke negatiewe patrone van bitterheid? Wel, deur jou fokus elke dag doelbewus te verskuif, dis wat! Kyk weg! Kyk Godwaarts. sien die Here in jou lewe raak. Nee, moenie bitterheid probeer onderdruk nie. Onderdrukking van negatiewe gevoelens help nie veel nie. Maar om jou fokus aktief elke dag na die Here toe te skuif - dit werk regtig! Fokus op sy grootheid, sy liefde, sy skoonheid. Wees lief vir die Here. Laat Hy jou vul met sy volheid. Sing oor Hom; praat met en van Hom. Verheug jou oor die Here, soos wat **Spreuke 3** sê en jou lewe sal binnekort weer vol vreugde en hemelse rykdom wees.

## Gebed

Ek bid

Heer Jesus, U is so goed vir my  
U liefde het geen einde nie  
As die son opkom, dan weerkaats dit u eer  
As die maan en die sterre in die hemelruim hang,  
getuig hulle van u skoonheid  
U grootheid is oral rondom my te sien vandag  
Daarom loof en prys ek U  
Daarom is my oog op U gerig

Omdat U my genadig is  
Amen



## Oase vir ouers

Ouers kan vir hul kinders 'n venster op God wees of 'n versperring.

Ouers kan vir hul kinders 'n brug wees na God toe of 'n belemmering.

Ouers kan vir hul kinders 'n groenlig na God wees of 'n rooilig.

God staan aan ons as ouers se kant en gee vir ons alles wat nodig is om vir ons kinders 'n venster, 'n brug en 'n groenlig te wees.

**Weet julle, van die eerste oomblik af dat Jesus Christus ons in Hom laat glo het, het Hy met Sy groot krag in ons lewe begin werk. Hy het alles vir ons gegee wat ons nodig het om tot God se eer te leef (2 Pet 1:3 Die Boodskap)**

*Wees vir jou kind wat God bedoel het!*

*ds Leon van Heerden*



## Die Kerk is...

**'n Familie en nie 'n organisasie of instelling nie (1)**



*Daar word sterk aansluiting gevind by die familiemetafore in die Nuwe Testament. Hierdie benadering het belangrike implikasies. 'n Mens kies nie om deel van 'n familie te wees nie - jy is verbode ongeag jou gevoelens oor hulle en ongeag jou eie voorkeure. Familielede neem verantwoordelikheid vir mekaar en sorg vir mekaar, en die krag van familiebande stel sulke gemeentes in staat om konflik te hanteer. (Uit Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede van dr Nelus Niemandt)*



Ons kinders van die Kleuter- en Kinderkerk tree Sondagoggend, 18 November tydens die Kerssangdiens op.

Ons wil alle ouers aanmoedig om dit saam met hul kinders by te woon.

Die kinders kom teen 8:45 voor die saal op die gras bymekaar en beweeg van daar na die kerk.

# Klop Kommer!

## Praktiese riglyne



- 1 Maak 'n lys van dinge waaroor jy jou tans bekommer.
- 2 Maak 'n vaste afspraak met jouself, om weekliks 'n dag, tyd en plek op jou eie, aandag aan jou kommerlyns te gee.
- 3 Hanteer jou kommerlyns volgens die volgende plan van aandag:

### 3.1 *Gebed*

- Raak stil en fokus op God. Net by Hom vind jy rus (Ps 62).
- Praat met God oor alles, want dit verander alles ( Fil 4:6,7).
- Werp biddend, een vir een, al jou bekommernis op Hom (1 Pet 5:7)

### 3.2 *Oordink die vier bakens van Matt 6:24-34 (Volledige preek is op kasset of Cd beskikbaar by kerk)*

- Onthou wie God is: Maker; hemelse Vader; die Een wat sorg en die Een wat weet presies wat ons nodig het.
- Onthou wie jy is: Beelddraer van God; kroon van die skepping; kinders van God; gelowiges!
- Onthou waarvoor jy leef (vers 33). Sý koninkryk en Sý wil. As dit fokuspunt van jou lewe is, is jy verseker van 'n heerlike belofte!
- Onthou jy kan net één dag op 'n keer kommerloos leef, naamlik *vandag* (vers 34).



### 3.3 *Vra: Wat kan ek vandag prakties doen om dinge te verander?*

- Byvoorbeeld as jy pyn het wat jou angstig maak, besoek 'n dokter!

### 3.4 *Vra: Wat is regtig die waarheid?*

- Toets jou eie siening van 'n situasie. Geen situasie of gebeure maak ons angstig nie, dit is ons siening of perspektief daarvan wat ons angstig, bang en bekommerd maak.
- Toetsvrae: wie sê dit is so of so? Of : waarom sê ek so ? Of: hoe weet ek..?
- Byvoorbeeld wanneer jy dink, *ek gaan dit nie maak nie*, vra dan die
- "Sê nou net" saai altyd twyfel en ontsenu! Ban hierdie frase uit jou denke en woordeskat.

### 3.5 *Sê ja vir die lewe soos jy dit vandag ontvang! Wees tevrede en dankbaar ongeag jou omstandighede.*

*Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag (1 Tes 5:18)*

3.6 Weier om jou te bekommer as gevolg van menslike reëls.  
Byvoorbeeld reëls soos:

- *Jy mag nooit 'n fout maak nie*
- *Jy moet altyd alles volkome onder beheer hê*
- *Jy moet altyd die beste wees*
- *Jy moet altyd so optree dat almal van jou hou ens...*

3.7 Jy kán kommer klop! Ons het die beste Helper!  
*Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing (2 Tim 1:7)*

*Sterkte!*

*Ds Leon van Heerden*



Werksklas - Donderdae middag. Lees ons keer op keer in die afkondigings blaaitjie.

Maar wat gaan nou eintlik daar aan, wat dit beteken?  
Hier is bietjie meer helderheid op hierdie klein sakie maar ook tog 'n baie belangrike sakie.

Dit het ontstaan met die idee om huishulpe in die omgewing te bereik. Ons sien hulle baie keer op die sypaadjie, waar hulle lekker sit en gesels maar hoeveel van hulle ken God en Sy evangelie en hoeveel van hulle beskik oor vaardighede waarmee hulle hulself kan help?

Die vrouens van die gemeente het so paar jaar gelede met die briljante idee voorendag gekom om saam met 'n naaldwerkklas aan die huishulpe die evangelie te verkondig. Almal het tog klare nodig en met deesdae se klerepryse is dit soms onmoontlik vir 'n huishulp om haar droom rok te kan bekostig.

Die gemeente het naaldwerkmasjiene asook 'n klomp lappies geskenk om daardie droom rok te 'n werklikheid te maak en so het die werksklas afgeskop.

Elke Donderdagmiddag kom die klein groepie vrouens bymekaar. Hulle open elke klas met 'n gebed en 'n stukkie wysheid uit God se Woord. Die huishulpe het Bybels in hulle taal, wat dit vir hulle makliker maak om te verstaan wat daar staan. Na die opening spring almal agter 'n naaldwerkmasjien in en begin stik. Op die oomblik is daar drie vrouens, Afke, Jeanette en Marie wat die huishulpe tou-wys maak oor hierdie ingewikkelde stokperdjie (wel vir my is dit). Van die basiese tot die mees gekompliseerde uitrusting word aan hulle geleer. Die huishulpe kies self die patroon asook die lap en dan sal hierdie drie vaardige vroue die huishulpe help waar gehelp moet word.

Die huishulpe geniet dit vreeslik asook die vrouens wat hulle help, daar word gelag en gesels oor klein goedjies maar ook goedjies wat op die hart lê. Almal staan saam en help mekaar.

*Geborg deur:*  
*Imediaprinting*  
*012-335 2909*  
*vince@imediaprinting.co.za*